



NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

VERVOER VAN LEWENDEHAWE PER SKIP

Die Rooivleisbedryfsforum ondersteun die handel van lewendehawe en vervoer per skip indien dit eties en sonder enige dieremishandeling gedoen word.

Plaaslike wetgewing sowel as die beginsels en riglyne soos uiteengesit deur die Wêreld-organisasie vir Dieregesondheid, die OIE, moet in die afwesigheid van Suid-Afrikaanse riglyne die uitvoere van lewendehawe vanaf Suid-Afrika regeer.

Agri SA, Agri Oos-Kaap, die Nasionale Wolkwekersvereniging, die SA Voerkraalvereniging, die SA Varkvleisprodusente-organisasie, die Rooivleisprodusente-organisasie en die Rooivleisbedryfsforum wil dit kategoriees duidelik maak dat skepe wat betrokke is by die uitvoer van lewendehawe al die prosedures en riglyne binne die OIE-standaard sal moet volg en aan die voorwaardes sal moet voldoen soos wat deur die regering gesertifiseer word. Al Mawashi het 'n aansoek by die hof ingedien om 'n interdik wat die skip in die Oos-Londense hawe verhoed om met lewendige skape na Koeweit te vertrek, ter syde te stel of aan te pas. Hierdie interdik is op 24 Junie 2020 in die hooggeregshof in Grahamstad aangehoor. Uitspraak is voorbehou tot Dinsdag volgende week.

Die Rooivleisbedryfsforum is verlof toegestaan om toe te tree as 'n respondent in hierdie hofsaak tydens 'n vorige verhoor.

= 2 =

Daar is gister aangevoer dat die besending en die vaartuig nie aan die OIE-riglyne en die Dierebeskermingswet voldoen nie. Die Rooivleisbedryfsforum se regspan het beklemtoon dat die Forum die handel van lewendehawe per see ondersteun, maar sodanige handel met voldoen aan die minimumstandaarde soos wat dit in die OIE-riglyne uiteengesit word.

Volgens die Rooivleisbedryfsforum se regspan kon geen bewyse van voldoening voorgelê word nie. Die Rooivleisbedryfsforum se regspan het daarom die interdik ondersteun totdat bewyse van voldoening voorgelê kan word. 'n Hofuitspraak sal op Dinsdag, 30 Junie gelewer word. Die finale hofsaak is geskeduleer om op 16 Julie 2020 plaas te vind.

Die Rooivleisbedryfsforum en sy lede wil die volgende duidelik maak :-

- Dieregesondheid is van die uiterste belang.
- 'n Standaard moet in plek wees om uit te voer.
- In die afwesigheid van 'n eie standaard behoort die OIE se standaard as 'n minimum-standaard te dien.
- Handel is uiters belangrik, onderhewig aan 'n standaard.
- Standaarde moet deur die regering afgedwing word.

Dit is die instruksies aan die regspan vir die hofsaak wat vir 16 Julie 2020 geskeduleer is.

- 000 O 000 -

DATUM : 26 Junie 2020

NAVRAE:

Mnr Koos van der Ryst
Voorsitter : Rooivleisbedryfsforum
Sel: 083 303 7926

Mnr Simon Streicher
Bestuurder : Rooivleisbedryfsforum
Sel: 082 565 7910